Visie: Om mense te bemagtig om 'n impak in die gemeenskap te maak

BERGSIG Gemeenskapskerk

Denke | Hart | Hand | Voet
Ontwikkeling | Lief te hê | Te dien | Om uit te reik

Back 2 Basics – deel 6b Aanbidding

Patrick Jansen van Rensburg

Aanbidding

Kernteks

Ps 100:4  Gaan sy poorte in met lof, sy voorhowe met lofgesang; loof Hom, prys sy Naam.Ps 100:5  Want die HERE is goed; sy goedertierenheid is tot in ewigheid, en sy trou van geslag tot geslag.

Die beginsels van aanbidding

Gen 22:5  En Abraham sê aan sy dienaars: Bly julle hier met die esel; ek en die seun wil daarheen gaan om te aanbid en dan na julle terugkom.

Die Here gee aan Abraham die opdrag om sy seun na die berg te neem om te offer. Abraham is aan die Here gehoorsaam en gaan offer op die berg.  Ons word in hierdie gedeelte die beginsels van aanbidding geleer.

Hier is vyf belangrike beginsels wat hier uit staan wanneer dit kom by aanbidding.

1. Aanbidding gaan oor verhouding.

Gen 22:1  Ná hierdie dinge het God Abraham op die proef gestel en aan hom gesê: Abraham! En hy antwoord: Hier is ek!Gen 22:2  Toe sê Hy: Neem jou seun, jou enigste, wat jy liefhet, Isak, en gaan na die land Moría en offer hom daar as brandoffer op een van die berge wat Ek jou sal aanwys.

Dit is duidelik uit hierdie gedeelte dat hier ‘n besondere verhouding tussen Abraham en die Here is.  God vertrou Abraham met sy alles, sy beste, die seun van die belofte.



PDF Creator - PDF4Free v3.0 http://www.pdf4free.com

God gee aan Abraham die opdrag om sy beste te gaan offer. Die verhouding wat God met Abraham gehad het, maak dat Abraham God bo alles stel en aan God gehoorsaam is.

Abraham se besondere verhouding met God het gemaak dat hy alles vir God sou gee. Aanbidding gaan daaroor dat jy bereid is om jou beste aan God te gee.

2. Aanbidding is ‘n proses (reis) *[journey]*

Gen 22:3 Daarop het Abraham die môre vroeg klaargemaak en sy esel opgesaal en twee van sy dienaars en sy seun Isak saam met hom geneem; en hy het hout gekloof vir ‘n brandoffer en opgestaan en na die plek gegaan wat God hom aangewys het.

Ongeag hoe Abraham gevoel het, het hy die reis aangepak. Hy het nie laat sy omstandighede hom onder kry nie. Dit was seker die moeilikste offer wat Abraham nog ooit moes bring. Ongeag hoe hy gevoel het, het hy sy offer reis begin.

Aanbidding is die proses waarin ons ons fokus van ons omstandighede afhaal en op God begin fokus. Dit is ‘n proses waarin God groter raak as die omstandighede. Dit is die proses waarin jy op die oplossing begin fokus.

Heb 11:17 Deur die geloof het Abraham, toe hy op die proef gestel is, Isak geoffer; ja, hy wat die beloftes ontvang het, het sy eniggeborene geoffer, Heb 11:18 aan wie gesê is: In Isak sal jou nageslag genoem word—want hy het gereken dat God mag het om selfs uit die dode op te wek;

3. Aanbidding spreek van orde

Gen 22:9 Toe hulle kom op die plek wat God hom aangewys het, het Abraham daar die altaar gebou en die hout reggelê; daarna het hy sy seun Isak gebind en hom op die altaar bo-op die hout gesit.



PDF Creator - PDF4Free v3.0 http://www.pdf4free.com

Psa51:2 Scrub away my guilt, soak out my sins in your laundry. Psa51:3 I know how bad I've been; my sins are staring me down. Psa51:4 You're the One I've violated, and you've seen it all, seen the full extent of my evil. You have all the facts before you; whatever you decide about me is fair.Psa51:5 I've been out of step with you for a long time, in the wrong since before I was born. Psa51:6 What you're after is truth from the inside out. Enter me, then; conceive a new, true life. Psa51:7 Soak me in your laundry and I'll come out clean, scrub me and I'll have a snow-white life. Psa51:8 Tune me in to foot-tapping songs, set these once-broken bones to dancing.Psa51:9 Don't look too close for blemishes, give me a clean bill of health. Psa51:10 God, make a fresh start in me, shape a Genesis week from the chaos of my life. Psa51:11 Don't throw me out with the trash, or fail to breathe holiness in me. Psa51:12 Bring me back from gray exile, put a fresh wind in my sails! Psa51:13 Give me a job teaching rebels your ways so the lost can find their way home.Psa51:14 Commute my death sentence, God, my salvation God, and I'll sing anthems to your life-giving ways. Psa51:15 Unbutton my lips, dear God; I'll let loose with your praise. Psa51:16 Going through the motions doesn't please you, a flawless performance is nothing to you. Psa51:17 I learned God-worship when my pride was shattered. Heart-shattered lives ready for love don't for a moment escape God's notice.

4. Aanbidding is ‘n offer

Gen 22:10 Toe steek Abraham sy hand uit en neem die mes om sy seun te slag.

Om te offer beteken om dood te maak. Om ‘n ware offer aan God te bring, moet ons, die eie ek, offer sodat God meer kan word.

Rom 12:1Ek vermaan julle dan, broeders, by die ontferminge van God, dat julle jul liggame stel as ‘n lewende, heilige en aan God welgevallige offer dit is julle redelike godsdiens.



PDF Creator - PDF4Free v3.0 http://www.pdf4free.com

Heb 13:15  Laat ons dan gedurig deur Hom aan God 'n lofoffer bring, dit is die vrug van die lippe wat sy Naam bely.

5. Aanbidding maak die deur oop vir jou voorsiening

Gen 22:11  Maar die Engel van die HERE het na hom van die hemel af geroep en gesê: Abraham, Abraham! En hy antwoord: Hier is ek!Gen 22:12  En Hy sê: Moenie jou hand na die seun uitsteek nie, en doen hom niks nie; want nou weet Ek dat jy God vrees en jou seun, jou enigste, van My nie teruggehou het nie.Gen 22:13  En toe Abraham sy oë opslaan, sien hy meteens 'n ram wat agter in die bos met sy horings vasgeraak het. En Abraham het gegaan en die ram geneem en dit as brandoffer in die plek van sy seun geoffer. Gen 22:14  En Abraham het dié plek genoem: Die HERE sal voorsien!

Die finale resultaat van die offer van Abraham was voorsiening.

Gen 22:14  Abraham named that place GOD-Yireh (GOD-Sees-to-It). That's where we get the saying, "On the mountain of GOD, he sees to it."  (MSG)

The mountain of 'Praise and Worship"



PDF Creator - PDF4Free v3.0 http://www.pdf4free.com